# Welkom by NG The Reeds


**Veilige hawe vir nuwe hoop**

Christen-wees in 'n vyandige wêreld

CHRISTUS WERK EN LEEF IN, MET EN DEUR ONS

THE REEDS

# Votum



Ons is hier saam
in die Naam van die Here,
die Skepper van hemel en aarde,
die Een wat ons roep, ons vorm
en ons dra – selfs in ‘n vreemde en
vyandige wêreld

# Seëngroet



Genade, barmhartigheid en vrede
van God ons Vader,
en van Jesus Christus ons Here
en van die Heilige Gees
wat ons herinner wie ons is
- is met julle

# Vredesgroet



# Lied 205: 1

Bring lof aan die Vader,

verheerlik die Seun,

vir liefde, genade,

verlossing en steun -

**L 205:1 (vervolg)**

**dat elkeen wat glo**

**nie verlore mag gaan**

**maar ewig voor Hom**

**as verloste kan staan.**

***Loof die Heer, loof die Heer -***

***sing, gelowiges, saam!***

***Loof die Heer, loof die Heer -***

***prys sy heilige Naam!***

# L 205:1 (vervolg)

*Hy kom uit genade*

*ons sondes versoen*

*dat ons Hom vrymoedig*

*ons Vader kan noem.*

# L 205:2

Ons lof aan die Skepper

wat altyd getrou

sy kerk hier bewaar,

dit vernuwe en bou -

# L 205:2 (vervolg)

**ons bly inspireer**

**en ons stuur deur sy Gees**

**om sout en om lig**

**vir die wêreld te wees.**

***Loof die Heer, loof die Heer -***

***sing, gelowiges, saam!***

***Loof die Heer, loof die Heer -***

***prys sy heilige Naam!***

# L 205:2 (vervolg)

*Hy kom uit genade*


*ons sondes versoen*

*dat ons Hom vrymoedig*

*ons Vader kan noem.*

# Daniël 1:1-21




Verhale
Visioene
1-2:4a
2:4b-6
7
8-12
Aramees
497 - 439vC
Hebreeus
439 – 165vC

# Daniël 1 – Praktiese lewensituasie om eerste lesers te bemoedig



A 1-13 – Historiese berig

B 3-7 – Bevel van die koning

C 8-17 - Daniël se wyse besluit en uitvoering

$B_1$ 18-20 – Verslag aan die koning

$A_2$ 21 - Historiese berig

# Daniël 1:1-21



1. In die derde regeringsjaar van koning Jojakim van
Juda het koning Nebukadnesar van Babel teen
Jerusalem opgetrek en dit beleër. 2. Die Here het vir
koning Jojakim oorgegee in Nebukadnesar se mag, en
ook 'n gedeelte van die tempelgereedskap, en hy het
dit na **Sinar**, na die **tempel van sy god** toe gevat, en
daar het hy dit in die voorraadkamer van die **tempel
van sy god** gebêre.

3. Die koning het vir Aspenas, sy hoofpaleisbeampte,
beveel om uit die Israeliete jongmanne na die paleis
toe te bring, uit die koninklike geslag en uit die geslag
van vername mense.

4. Die jongmanne moes sonder liggaamsgebrek wees, mooi, toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en in staat om in die paleis diens te doen. Hulle moes **onderrig word in die Galdeërs se skrif en taal**. 5. Die koning het bepaal dat hulle **'n daaglikse porsie van sy kos en wyn** moet ontvang en dat hulle **drie jaar lank opgelei moet word**. Daarna moet hulle **in diens van die koning tree**. 6. Onder hierdie Judeërs was daar Daniël, Gananja, Misael en Asarja, 7. maar die hoofpaleisbeampte het vir hulle ander name gegee: Daniël is Beltsasar genoem, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego.

[8.] Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie. [9.] **God het** die hoofpaleisbeampte **gunstig en simpatiek gestem** teenoor Daniël.

[10.] Maar hy het vir Daniël gesê: *"Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal wat julle moet eet en drink en as hy sien julle voorkoms is nie so goed soos dié van die ander jongmanne van julle ouderdom nie, is ek oor julle in die moeilikheid by hom."* [11.] Toe sê Daniël vir die amptenaar wat deur die hoofpaleisbeampte aangestel is om toesig te hou oor Daniël, Gananja, Misael en Asarja:

12. *“Maak asseblief tien dae lank 'n proefneming met ons
en laat hulle vir ons net groente gee om te eet en water
om te drink.* 13. *Vergelyk dan ons voorkoms met dié van
die jongmanne wat van die koning se kos eet, en handel
dan met ons na bevind van sake*.” 14. Die amptenaar het
toe hulle versoek toegestaan en tien dae lank 'n
proefneming met hulle gemaak. 15. Ná tien dae het hulle
mooier en gesonder daar uitgesien as die jongmanne
wat van die koning se kos geëet het. 16. Toe het die
amptenaar die koning se kos en wyn vir goed van hulle
af weggehou en vir hulle net groente gegee.

17. **God het** aan hierdie vier jongmanne **verstand gegee** en **insig** in alles wat geskryf is, en ook **wysheid**. Daniël kon enige **gesig** of **droom** uitlê.

18. Op die tyd wat koning Nebukadnesar bepaal het dat die jongmanne voor hom gebring word (drie jaar later), het die hoofpaleisbe-ampte dit gedoen. 19. Die koning het met hulle gepraat en hy het onder almal niemand gevind soos Daniël, Gananja, Misael en Asarja nie. Toe het hulle in diens van die koning getree. 20. In enige saak wat wysheid en insig vereis het en waaroor die koning hulle uitgevra het, was hulle tien maal beter as al die towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk. 21. Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores (koning van Persië).

# Gelowige in ’n vyandige wêreld?!



## Daniël en sy vriende – innerlike krag



# Christen-wees in ‘n vyandige wêreld




# Herinterpreteer jou storie

# Verteller deel feite…



# Sinar

- Genesis 10:10 – Nimrod – mag misbruik
- Genesis 11 – Toring van Babel
- Sagaria 5:11 – Sonde en godeloosheid daarheen verban

Hot Gates van Laurika Rauch

# Die Here het... (2,9,17)

Goddelike perspektief

Hoe nou, Here?

Deur ander bril te sien

Herinterpreteer

Aanmoedig om krisisverhaal...


Al ons tekste afgelope kwartaal
Hoe reageer jy in krisissituasie?



# Wie was Daniël en sy vriende?



## Waaroor gaan die eetvoorskrifte?

Daniel en vriende ’n voorbeeld van iemand wat vashou aan wie God hulle gemaak het



Kos was hulle geloofsidentiteitsmerker

# Hoe lyk geloofsidentiteit vandag?



# Hoe word geloofsidentiteit gevorm?






# Wat is in jou koppie?

# Vervreem van wie God jou gemaak het



# Geen illusie



# Naamsverandering

- Daniël – God is regter
- Gananja – God is genade
- Misael – Om te wees wat God is
- Asarja – God is my helper
- Beltsasar – Bel beskerm die koning
- Abednego – Dienaar van Naboe

# Hoe word ons vandag vervreem van ons Christelike identiteit?






# Wat vandag stamp jou koppie?



# Hoe hou mens vas aan God en wie Hy jou gemaak het in só wêreld?



# Wat aktiveer innerlike wil en krag?


Gekies, geplaas
As jy vashou, sal Hy jou vashou



# Hou vas aan God en wie Hy jou gemaak het


**Antihogus Epifanes**

# Makkabees 1: 62-63

“ Nogtans het baie in Israel vasgestaan en hul voorgeneem dat hulle niks onreins sal eet nie en hulle het verkies om liewer te sterwe as om hul met voedsel te verontreinig en daardeur die heilige verbond te verontreinig; so het hulle gesterwe.”

# Wat kom uit as jou koppie gestamp word?





# Gelowig in ’n vyandige wêreld?!


God werk agter die skerms

God vorm ons deur sy woord en Gees

Ons lewens word gereeld “*gestamp*”

Ek is deur God gekies, geplaas


Christen-wees in ‘n vyandige wêreld




# Verootmoediging

**Ds.**:

Here, ons bely dat ons dikwels vergeet wie U ons gemaak het. Ons het toegelaat dat die wêreld ons hernoem, ons het stilgebly toe ons geroep was om te getuig.

**Gemeente**:

Vergewe ons en herinner ons aan wie ons in Christus is. Vorm ons weer, Here – dat ons U lied sal sing selfs in ons vreemde wêreld



# Toewyding

Here, soos Daniël, wil ons vandag kies om ons nie te verontreinig nie. Ons wil vasstaan in wie U ons gemaak het. Gebruik ons, Here – in ons werk, ons familie en ons gemeenskap – dat ons lig sal wees in donker tye.

# Dankoffers



# Dankoffers



# Flam 113

Here Jesus, U skyn oor almal,
met die glans van u liefde skyn U.
Skyn op ons tot ons oë oopgaan.
Maak ons vry om te lewe voor U.
Skyn oor my, skyn oor my.

Soos lig wat skyn
in die donker van hierdie wêreld,
soos lig wat skyn,
skyn die Heer in ons.
Kom, Jesus, kom
en verdryf al die donker in ons.
Kom laat u liefde
die wêreld oorwin.

Here, maak my ’n lig wat helder
skyn om liefde te dra, al verder.
Skyn deur my tot die hele wêreld,
weet dat U vir ons
almal gesterf het.
Skyn deur my, skyn deur my.

Soos lig wat skyn
in die donker van hierdie wêreld,
soos lig wat skyn,
skyn die Heer in ons.
Kom, Jesus, kom
en verdryf al die donker in ons.
Kom laat u liefde
die wêreld oorwin.

# Seën

Mag die Here jou herinner wie jy is.
Mag jy Sy hand sien werk agter die skerms.
Mag jy vasstaan in wie Hy jou gemaak het
en mag Hy jou gebruik – om hoop te bring
in ‘n wêreld wat Hom nie ken nie.
Gaan in vrede en wees lig!